*Dinsdag* **24 Februarie**
**Skrifgedeelte: Jesaja 40:1-11; Johannes 1:15-23**
**Fokusgedeelte: Jesaja 40:3 (AFR33/53)**

**Die barmhartige God berei ’n weg in die woestyn**

In hoofstuk 39 kondig Jesaja vir koning Hiskia aan dat die volk en alles wat hulle besit na Babel weggevoer sal word. Tog kom hierna weer hoofstukke wat vertel van die Here se barmhartigheid, nadat Hy Jerusalem getug het. Hoofstuk 40 begin die boodskap van barmhartigheid en belowige ’n drieledige troos: (i) die Here se Jerusalem se slawediens is afgehandel, (ii) Jerusalem se skuld is betaal en (iii) Jerusalem sal dubbel van die Here terug ontvang.

Jesaja sê dan baie pertinent dat die Here in sy barmhartigheid hierdie troosboodskap sal waarmaak. Daar sal ’n weg berei word. Daar sal ’n grootpad in die wildernis gelykgemaak word, sodat die weggevoerde volk weer kan terugkeer (Jes. 40:3)! Die Bybelboek Esra vertel juis hoe die Here vir die volk ’n “pad oopgemaak het” om uit ballingskap terug te keer na Jerusalem.

Die pad wat die Here vir Israel in die woestyn gemaak het, word later in die Nuwe Testament ’n baie kragtige metafoor vir die evangelie (Matt. 3:3; Mark. 1:2-3; Luk 3:4-6; Joh. 1:23). Die Here maak ’n pad in die woestyn oop sodat daar vir ons verlossing en bevryding kan wees en sodat ons weer kan terugkeer huis toe! Johannes die Doper moes hierdie pad berei en uitwys, sê hy self in Johannes 1:23.

Die pad uit ons geestelike ballingskap na die nuwe Jerusalem is Jesus Christus. Hy is díé Weg wat vir ons berei is (Joh. 14:6). In Christus geld die pragtige beloftes van troos en barmhartigheid in Jesaja 40 ook vir ons: deur die lewe en dood van Jesus is ons slawediens afgehandel en ons skuld is betaal. Deur die kruisdood en opstanding van Christus ontvang ons nou meer as genoeg: ’n dubbele deel van die Here! Ons sou kon sê: genade op genade!